



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2019



**EKONOMIE V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 D ✓✓ oligopolie
- 1.1.2 C ✓✓ Markvraag
- 1.1.3 B ✓✓ Nasionalisasie
- 1.1.4 A ✓✓ maksimum prys
- 1.1.5 A ✓✓ struktureel
- 1.1.6 B ✓✓ Meganisasie
- 1.1.7 C ✓✓ Wet op Basiese Diensvoorwaardes
- 1.1.8 D ✓✓ OBSA (8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

- 1.2.1 I ✓ waar die vraag- en aanbodkurwes mekaar sny
- 1.2.2 A ✓ goedere wat tesame met ander goedere gebruik word
- 1.2.3 D ✓ is die basiese probleem wat alle mense van alle nasies in die wêreld in die gesig staar
- 1.2.4 G ✓ goedere en dienste wat die hele gemeenskap benodig om hul welvaart te verbeter
- 1.2.5 B ✓ dit hou gewoonlik verband met die vlakke van mense se inkome
- 1.2.6 F ✓ wanneer 'n persoon minder ure of dae werk as wat hulle bereid is om te werk
- 1.2.7 E ✓ probeer die verhouding tussen werkgewers en werknemers reguleer
- 1.2.8 C ✓ gesaghebbende liggaam oor vaardigheidsontwikkeling in sekere ekonomiese sektore (8 x 1) (8)

1.3 EENWOORD-ITEMS

1.3.1 Geleentheidskoste ✓

1.3.2 Produksiemoontlikheid-kurwe ✓

1.3.3 Sentraal-beplande ekonomie / Sosialisme ✓

1.3.4 Aflegging ✓

1.3.5 Migrasie ✓

1.3.6 Entrepreneurs ✓

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30



AFDELING B

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 2.1.1 Noem TWEE voordele van subsidies.

- Om armer mense te bevoordeel want subsidies stel produsente in staat om die prys van die produk laer te hou. ✓
 - Om produsente van sekere goedere wat uitgevoer word, te bevoordeel, deur hulle toe te laat om 'n laer prys oorsee te hef. ✓
 - Om indiensname te verhoog en werke meer te beveilig. ✓
 - Kan 'n daling in aanbod van noodsaaklike goedere en dienste, byvoorbeeld mielies, voorkom. ✓
 - Stel mense in staat om 'n minimum lewenspeil te handhaaf, byvoorbeeld ouderdomspensioen. ✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord) (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 Watter impak sal die toetrede van nuwe produsente tot die mark, hê?

- Aanbod van goedere en dienste sal toeneem en lei tot 'n afname in prys. ✓✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord) (2 x 1) (2)

2.2 DATARESPONS



2.2.1 Noem EEN faktor wat die vraag na 'n produk kan beïnvloed.

- Die prys van die produk ✓
 - Die inkome van verbruikers ✓
 - Die weersomstandighede ✓
 - 'n Verandering in modes ✓
 - 'n Verandering in die prys van 'n verwante produk ✓
 - 'n Verandering in die grootte van die bevolking ✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord) (1 x 1) (1)

2.2.2 Hoe word pryse in 'n vryemarkeconomie bepaal?

- Deur markkragte/kragte van vraag en aanbod ✓ (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *aanbod*.

- Aanbod is die totale hoeveelheid van 'n goed of diens wat 'n produsent/verkoper teen 'n sekere prys oor 'n sekere tydperk bereid en gewillig is om te verkoop. ✓✓ (2 x 1) (2)

2.2.4. **Beskryf die ruilwaarde soos in bostaande spotprent uitgebeeld.**

Die bedrag wat mense bereid is om vir iets kragtens geld of ander goedere en dienste te betaal. ✓✓ / Die ruilwaarde word ook die prys van 'n produk genoem. ✓✓ (2)

2.2.5 **Hoekom hel vraagkurwes afwaarts van links na regs?**

- Pryse is omgekeerd verwant aan hoeveelheid ✓✓
- As pryse styg, neem hoeveelheid aangevra af en wanneer pryse daal, neem hoeveelheid aangevra toe ✓✓ (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Wat is die huidige BTW-koers in Suid-Afrika?**

- 15% ✓ (1)

2.3.2 **Noem enige ander soort indirekte belasting, behalwe BTW.**

- Aksynsbelasting ✓
- Doeanebelasting / Invoerbelasting ✓
- Oordragbetaling ✓
- Sonde belasting ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *indirekte belasting*.**

- Indirekte belasting is die bestedings belasting op die verbruik van goedere en dienste ✓✓
- Dit is 'n belasting wat nie direk verwant is aan die persoonlike omstandighede van die belastingbetaler nie ✓✓
- Dit word deur individue op die aankoop van goedere en dienste betaal ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)


2.3.4 **Verduidelik *welsyn* as een van die metodes van owerheidsinmenging.**

- Die regering voorsien dienste en maak betalings aan mense in Suid-Afrika wat arm is. ✓✓
- Welsyntoelaes is in die vorm van 'n oordragbetaling, regerings neem van die rykes en gee aan die armes, om hulle in staat te stel om 'n minimum lewenspeil te handhaaf. ✓✓
- Betaal van sosiale welsyntoelaes aan die arm landsburgers. ✓✓
- Verskaf gratis gesondheidsorg en onderwys. ✓✓
- Verskaf skoolmaaltye by geen-fooi skole. ✓✓ (Enige korrekte toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.3.5 **Hoe dra verhoogde belastingkoerse tot die daling in die gemeenskap se lewenstandaard by?**

- 'n Styging in die belastingkoerse sal tot 'n daling in die besteebare inkome lei. ✓✓
 - Dit lei tot die onvermoë om basiese goedere en dienste te koop, bv. voedsel en klere. ✓✓
 - Onvermoë om basiese goedere en dienste te koop, lei tot 'n daling in lewenspeil. ✓✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik die wet van dalende grensnut, met behulp van 'n grafiek met volledige byskrifte.**



- Die Wet van dalende grensnut bepaal dat wanneer verbruik toeneem, die grensnut sal afneem. ✓✓
 - Soos die hoeveelheid verbruik toeneem, so sal die bevrediging wat verkry word uit die verbruik van elke addisionele eenheid, afneem. ✓✓
- (8)

2.5 **Evalueer die gevolge van die implementering van minimum lone.**

- Mense word 'n meer gelyke en regverdig loon vir hulle dienste betaal. ✓✓
 - Armoede kan verminder word as die laer besoldigde mense meer inkome bekom. ✓✓
 - Die werkloos word aangemoedig om by die arbeidsmark aan te sluit. ✓✓
 - Hoër minimum lone lei tot 'n styging in verbruiksbesteding, ✓✓ dit kan ook 'n mate van vraag-trek inflasie veroorsaak. ✓✓
 - Minimum lone verseker dat maatskappye hulle rykdom deel met die werkers wat hulle gehelp het die rykdom te genereer. ✓✓
 - Daar is 'n surplus arbeid wat op die mark aangebied word. ✓✓
 - Beskadig die mededingendheid van sommige ondernemings, as gevolg van die hoër produksiekoste. ✓✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**3.1 3.1.1 Noem enige TWEE soorte werkloosheid.**

- Wrywings ✓
- Seisoenale ✓
- Sikliese ✓
- Strukturele ✓

(2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe belangrik is die Werkloosheidsversekeringsfonds?

- Dit verleen korttermyn verligting aan werkers wat werkloos geword het. ✓✓
- Dit verskaf verligting aan die afhanklikes van 'n afgestorwe bydraer. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord)

(2 x 1) (2)

3.2 DATARESPONS**3.2.1 Waarvoor staan die afkorting EBB?**

Ekonomies Bedrywige Bevolking

(1)

3.2.2 Watter instelling stel bostaande werkloosheidsyfers bekend?

Statistiek SA ✓



(1)

3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *werkloosheidskoers*.

Die aantal werklose mense uitgedruk as 'n persentasie van die totale arbeidsmag / EBB. ✓✓

(2)

3.2.4 Tot watter soort sosiale probleme kan werkloosheid lei?

- Meer armoede ✓✓
- Onvermoë om in families se behoeftes te voorsien ✓✓
- Styging in misdaadkoers ✓✓
- Laer lewenspeil ✓✓
- Afname in self-respek en selfvertroue ✓✓
- 'n Mens se trots en waardigheid word negatief beïnvloed ✓✓
- Swak fisiese en psigologiese gesondheid ✓✓

(2)

3.2.5 Gebruik bostaande inligting en bereken die werkloosheidskoers. Toon ALLE berekeninge.

$$\frac{\text{Getal werkloos}}{\text{Ekonomiese Bedrywige Bevolking}} \times 100 \checkmark$$

$$= \frac{6,1}{22,6} \times 100 \checkmark$$

$$= 26,99\% \text{ of } 27\% \checkmark \checkmark$$

(4)

3.3 DATARESPONS

3.3.1 Identifiseer die ewewigsloonkoers.

- R500 ✓ (1)

3.3.2 Wat sal die arbeid surplus, volgens die grafiek wees?

$$200 - 100 = 100 \checkmark / 100 \checkmark \quad (\text{Maks. 1 punt}) \quad (1)$$

3.3.3 Definieer die begrip *arbeidsmark*.

Arbeidsmark ook bekend as die beroepsmark, verwys na die aanbod en vraag van arbeid waarin werkers hulle aanbod van arbeid aanbied en werkgewers hulle vraag na arbeid verskaf. ✓✓ (2)

3.3.4 Wat sal die invloed op die mark wees as die grootte van die bevolking toeneem?

Die aanbodkurwe sal na regs skuif ✓✓ as die grootte van die arbeidsmag toegeneem het.

Daar sal 'n groter vraag na goedere en dienste wees asook na arbeid. ✓✓

(Enige ander toepaslike antwoord is aanvaarbaar) (2 x 1) (2)

3.3.5 Hoekom is dit belangrik vir werknemers om by vakbonde aan te sluit?

- Vakbonde onderhandel met werkgewers namens hul lede om lone te verbeter, voordele soos beter pensioen en mediese voordele, werktoestande, gesondheid en veiligheid toestande. ✓✓
 - Vakbonde streef daarna om enige verlies aan werk as gevolg van aflegging te voorkom. ✓✓
 - Help lede om griewe op te los. ✓✓
 - Verteenwoordig lede in arbeidsdispute. ✓✓
- (Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek/Tabuleer kortliks konvensies wat noodsaaklik is om beter toestande in die werkplek te verseker.**

Konvensies	Verduideliking
<ul style="list-style-type: none"> • Vryheid van Assosiasie en Beskerming van die Reg om te Organiseer Konvensie ✓ • Die Gesamentlike Bedingingskonvensie ✓ 	<p>'n Persoon kan aan enige wettige groep behoort of assosieer met enige persoon of tipe mense wat hy of sy verkies. ✓✓</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Geforseerde Arbeid Konvensie ✓ • Die Afskaffing van Geforseerde Arbeid Konvensie ✓ 	<p>Alle nodige maatreëls moet geneem word om geforseerde arbeid te voorkom en te sorg dat lone gereeld betaal word en regte gerespekteer word. ✓✓</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Diskriminasie Konvensie ✓ • Gelyke Vergoeding Konvensie ✓ 	<p>Onwettige diskriminasie moet uitgeskakel word. ✓✓</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Minimum Ouderdom Konvensie ✓ • Ergste Forums van Kinderarbeid Konvensie ✓ 	<p>Ondersteuning vir kinders deur onderwys te voorsien en hulle gesinne te ondersteun met opleiding en indiensname-geleenthede. ✓✓</p>

LET WEL: 'n Maksimum van 4 punte vir slegs die noem van konvensies

(4 x 2) (8)

3.5 **Hoe kan die regering die toestand van gemarginaliseerde groepe in Suid-Afrika verbeter?**

- Die Wet op Gelyke Indiensname is deel van die regeringsbeleid om regverdigheid in indiensname te skep. ✓✓
 - Die doel van die Wet op Gelyke Indiensname is om gelykheid in die werkplek te bereik, deur:
 - onregverdigte diskriminasie uit te skakel ✓✓
 - 'n beleid van regstellende aksie in te stel sodat hierdie mense ook in diens geneem kan word ✓✓
 - SEB beleid help ook om die inkomme en rykdom van gemarginaliseerde mense te verhoog. ✓✓
 - Die Wet op Vaardighedsontwikkeling stel 'n plan daar om vaardighede te verbeter deur SOOs (SETAs) daar te stel vir elke nywerheid. ✓✓
 - Die provinsiale departement van Onderwys het 'n volwasse onderwys program daargestel ✓✓ wat daarop gemik is om sodanige mense, wat nie hul skoolloopbaan kon voltooi nie, daarmee te help. ✓✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord)

(Enige 4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE kenmerke van 'n indifferensie-kurwe**

- Indifferensie-kurwes hel afwaarts ✓
 - Hoër indifferensie-kurwes word verkies bo laer indifferensie-kurwes ✓
 - Hulle kruis nooit ✓
 - Hulle buig inwaarts / hulle is konveks ✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord) (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe kan lone die vraag na arbeid beïnvloed?**

- Wanneer loonvlakke daal, word meer werkers aangevra ✓✓
- Wanneer loonvlakke styg, word minder werkers aangevra ✓✓(1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Watter markstruktuur word deur bostaande spotprent voorgestel?**

- Volmaakte markte / ✓ volmaakte mededinging ✓ (1)

4.2.2 **Identifiseer EEN kenmerk van die markstruktuur waarna in bostaande uittreksel verwys word.**

- Baie tamatieverkopers en -kopers ✓
- Die pryse van alle verkopers is dieselfde vir die aangevraagde hoeveelheid ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf 'n monopolie.**

- Daar is slegs een verskaffer van 'n produk en daar is geen manier hoe die verbruiker iets anders kan kry om daardie produk mee te vervang nie; dit is uniek. ✓✓ (2)

4.2.4 **Verduidelik kortliks *heterogene produk* as 'n eienskap van onvolmaakte markte.**

Die produkte in die mark is verskillend van mekaar. ✓✓ (2)

4.2.5 **Hoe sal die afwesigheid van mededinging die ekonomie beïnvloed?**

- Afwesigheid van mededinging lei tot hoër pryse ✓✓
 - Daling in vraag na goedere en dienste ✓✓
 - Afname in produksie van goedere en dienste ✓✓
 - Daling in ekonomiese groei ✓✓
 - Hoë werkloosheidsvlakke ✓✓
 - Beperkte keuse vir verbruikers ✓✓
 - Produksie van hoë kwaliteit goedere word ingeboet ✓✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 DATARESPONS

4.3.1 Waarvoor staan KVBA?

- Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ✓ (1)

4.3.2 Waarom, volgens die uittreksel, word George se afdanking as onregverdig beskou?

- Want die voorsittende beampte wat die aantygings teen hom ondersoek het en hom skuldig bevind het, was deur dieselfde prokureurs gehuur wat die aanklag ingestel het. ✓ (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die begrip *bedingingsraad*.

- Dit is die organisasie wat die onderhandelingsproses tussen die verenigde werkers (tipiese vakbonde) en werkgewers, oor sake soos werkstoestand en lone, fasiliteer. ✓✓ (2)

4.3.4 Hoekom het die Arbeidsappèlhof hoër magte as die Arbeidshof?

- Dit kan appèlle teen Arbeidshof besluite aanhoor ✓✓
- Dit kan finale besluite neem oor wat wettig en bindend is ✓✓
- Dit kan sake wat normaalweg deur die Arbeidshof gehanteer word, direk hanteer ✓✓ (1 x 2) (2)

4.3.5 Wat sal die resultate van 'n onsuksesvolle bemiddelingsproses wees?

- Wanneer versoening misluk, mag 'n party die KVBA versoek om die dispuut op te los deur arbitrasie. ✓✓
- By 'n arbitrasie verhoor, gee 'n kommissaris beide partye 'n geleentheid om hulle sake volledig te stel. ✓✓
- Die besluit, wat die arbitrasie-toekenning genoem word, is wetlik en bindend op beide partye. ✓✓ (Enige korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek enige interne redes waarom 'n PMK uitwaarts sal beweeg.

- **Produksietegniek:** ✓ 'n verbeterde produksietegniek kan 'n uitwaartse beweging van die PMK teweegbring, as gevolg van meer doeltreffende produksie. ✓✓
- **Tegnologie:** ✓ nuwe verbeterde tegnologie kan 'n skuif van die PMK veroorsaak, as gevolg van 'n toename in produksievlakke. ✓✓
- **Gemotiveerde werkers:** ✓ die houding van werkers kan lei tot 'n uitwaartse beweging van die PMK ✓✓
- **Indiensopleiding:** ✓ 'n verbetering in die vaardigheidsvlak van die werkers beteken dat hulle in staat sal wees om meer te produseer ✓✓ (Enige korrekte toepaslike antwoord)

LET WEL: 'n Maksimum van 4 punte indien slegs genoem word

(4 x 2) (8)

4.5 Hoe suksesvol is Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) met betrekking tot die regstelling van ongelykhede wat deur apartheid teweeggebring is?

SEB is suksesvol kragtens regstelling van die ongelykhede wat deur apartheid teweeggebring is, want dit het:

- 'n beduidende verandering in die rassesamestelling van eienaarskap en bestuurstrukture bereik ✓✓ en in die geskoolde beroepe van nuwe ondernemings ✓✓
 - toegang tot finansiering vir swart ekonomiese bemagtiging bevorder ✓✓
 - verseker dat ondernemings in swart besit, voordeel trek uit die regering se voorkeur verkrygings beleide ✓✓
 - plattelandse en plaaslike gemeenskappe bemagtig om hulle in staat te stel om toegang te verkry tot ekonomiese aktiwiteite, grond, infrastruktuur, eienaarskap en vaardighede ✓✓
 - daarin geslaag om die mate waarin swart vroue bestaande en nuwe ondernemings besit en bestuur, aan te moedig ✓✓
- (Enige korrekte toepaslike antwoord)

(4 x 2) (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80



AFDELING C

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL:	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie begin sal wees om 'n begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer. • Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun. • Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek. 	Maks. 2
Inhoud Hoofgedeelte: Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Assesseer/Debatteer. Addisionele gedeelte: Gee jou eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer Krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer	Maks. 26
Slot: Enige toepaslike hoër-orde slot wat die volgende insluit: Enige toepaslike hoër-orde slot wat die volgende insluit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort opsomming van wat bespreek of ontleed is, sonder om reeds genoemde feite in die inhoud te herhaal. • Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is. • Addisionele ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk. • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien so verlang. • Aanbevelings 	Maks. 10
TOTAAL	40

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die faktore wat die aanbod van produkte beïnvloed. (26)
- Hoe sal 'n styging in die prys van petrol produsente en verbruikers beïnvloed? (10)

INLEIDING

Aanbod bestaan slegs wanneer produsente gewillig en in staat is om goedere en dienste te koop aan te bied. ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike inleiding)

Maks. (2)

INHOUD**HOOFGEDEELTE:****Faktore wat die aanbod van produkte beïnvloed**

- **Die prys van die produk** ✓
Wanneer pryse toeneem, is verskaffers bereid om meer daarvan aan te bied ✓✓
Wanneer pryse afneem, sal verskaffers minder produkte na die markte stuur ✓✓
- **Die produksiekoste (lone en ander insette)** ✓
'n Daling in die produksiekoste maak dit moontlik vir verskaffers om die aanbod te verhoog ✓✓
'n Styging in die produksiekoste beteken dat daar 'n afname in die aanbod sal wees ✓✓
- **'n Verandering in tegnologie** ✓
Nuwe tegnologie veroorsaak dikwels groter produksie en laer koste ✓✓
Gebruik van ondoeltreffende tegnologie maak produksie duurder en die kostes verhoog ✓✓
- **Weersomstandighede** ✓
Ideale weersomstandighede lei tot verhoogde produksie ✓✓
Swak weersomstandighede lei tot laer produksie ✓✓
- **Die aantal produsente in die nywerheid** ✓
Aanbod is hoër wanneer daar meer produsente is ✓✓
Aanbod is laer wanneer daar slegs 'n paar produsente is ✓✓
- **Vlak van produktiwiteit en doeltreffendheid** ✓
Hoogs produktiewe prosesse en werkers kan meer produseer teen 'n laer koste ✓✓
Waar produktiwiteit laag is, is koste hoog en die produksievolume laer ✓✓
- **Stakings en ander ontwrigtings** ✓
Waar daar minder oponthoude in die produksietyd is, sal daar 'n groter aanbod wees ✓✓
Waar daar baie faktore is wat produksie kan onderbreek, sal die aanbod laer wees ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike feit)

Maks. (26)

ADDISIONELE GEDEELTE

Hoe sal 'n styging in die prys van petrol produsente en verbruikers beïnvloed?

- Styging in die vervoerkoste van goedere en dienste ✓✓
- Produsente dra die koste aan die verbruikers oor deur die prys te verhoog ✓✓
- Aanbod neig om af te neem as gevolg van 'n afname in vraag ✓✓
- Verbruikers neig om minder aan te vra as gevolg van 'n styging in die prys ✓✓
- Verlaagde vraag na goedere mag lei tot 'n afname in ekonomiese aktiwiteite en ekonomiese groei ✓✓

Maks. (10)

SLOT

Oor die algemeen sal verkopers meer van 'n goed aanbied teen hoër pryse as teen laer pryse. Verskaffers moet koste-effektiewe maatreëls tydens die produksieproses gebruik om sodoende mededingende pryse te kan verander.

(Aanvaar enige ander toepaslike hoër-orde slot)

Maks. (2)

[40]

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE KWESSIES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek die elemente van makro-ekonomiese aanpassings onder die volgende opskrifte:**
 - **Ekonomiese prestasie**
 - **Indiensname**
 - **Inkome ongelykheid**
- **Waarom sal die regering nuwe entrepreneurs daadwerklik aanmoedig?**

Maks. (26)

(10)

INLEIDING

Die proses van ekonomiese regstelling wat nodig was om Suid-Afrika werklik te transformeer na 1994, sou nie moontlik gewees het sonder sekere veranderinge of aanpassings in die land se makro-ekonomie nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike inleiding)

Maks. (2)

INHOUD**HOOFGEDEELTE:****Ekonomiese prestasie**

- Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) ✓
Dit is na 1994 ingestel met die doel om rassediskriminasie te verwyder in die ekonomiese en sosiale struktuur van Suid-Afrika uit te wis, ✓✓ sowel as om armoede en ongelykheid aan te spreek. ✓✓

Groei, Indiensname en Herverdelings beleid (GEAR) ✓

GEAR was in 1996 ingestel ✓✓ met die volgende doelwitte:

- Om ekonomiese groei te stimuleer ten einde werkskepping te genereer ✓✓
- Om inkome tussen ryk en arm te herverdeel ✓✓
- Om te verseker dat sosiale dienste (gesondheid en onderwys) aan almal beskikbaar gestel word ✓✓
- Om 'n omgewing daar te stel waar woonplek verseker is en plekke waar produktiewe werk gelewer word ✓✓

Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika (ASGISA) ✓

- Die doelwitte van die HOP en GEAR beleide is nie ten volle bereik nie en ASGISA is in 2006 geloods ✓✓
- Die hoofdoel van ASGISA is om ekonomiese groei te versnel ✓✓ tot 'n gemiddelde van ten minste 6% tussen 2010 en 2014 en om werkloosheid en armoede teen 2014 te halveer ✓✓

Die Nuwe Groeipad (NGP) ✓

- Geïmplementeer in 2010, die hoofdoel van die NGP is om 5 miljoen werkseleenthede te skep en werkloosheid te verlaag van 25% tot 15% voor 2020 ✓✓

Werkverskaffing ✓

Na 1994, is 'n aantal nuwe werksgeleenthede geskep in die formele en in die informele sektore om die ekonomie te skep. ✓✓

Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP / EPWP) ✓

- Dit is in 2004 geloods met die doel om werksgeleenthede vir arm en kwesbare mense te skep. ✓✓
- Dit is gedoen deur die geïntegreerde en gekoördineerde arbeidsintensiewe metodes vir openbare sektor voorsiening van infrastruktuurprojekte en dienste. ✓✓

Gesamentlike Inisiatief vir Voorkeur Vaardigheidverkryging (JIPSA) ✓

- JIPSA is geloods 2006 vir die bemagtiging van die vaardighede-afdeling van ASGISA. ✓✓

Inkome ongelykheid ✓

- Alhoewel baie vordering gemaak is in die verlaging van inkome ongelykheid in Suid-Afrika, is daar nog 'n baie groot gaping tussen ryk en arm. ✓✓
- Die post-1994 makro-ekonomiese beleid fokus sterk op die ekonomiese groei en swart ekonomiese bemagtiging. ✓✓
- Minimum lone is ingestel in nywerhede en ook vir plaaswerkers en huishoudelike werkers. ✓✓

Maks. (26)

ADDISIONELE GEDEELTE**Waarom sal die regering nuwe entrepreneurs daadwerklik aanmoedig?**

- Nuwe entrepreneurs kom vorendag met nuwe idees ✓✓
 - Ou produkte sal vernuwe word en nuwe produkte sal geskep word ✓✓
 - Meer suksesvolle entrepreneurs sal meer werksgeleenthede beteken ✓✓
 - Meer verbruikers sal geld hê om op goedere en dienste te spandeer ✓✓
 - Dit lei weer tot hoër winste vir eienaars van besighede ✓✓
 - Ekonomiese groei sal plaasvind ✓✓
 - Minder werkloosheid sal armoede en misdaad laat afneem ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(10)

SLOT

Suid-Afrika het een van die grootste gapings tussen die ryk en die arm. Daar is beleide in plek om dit te verander, maar meer aandag moet geskenk word om menslike kapitaal te verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike hoër-orde slot)

Maks. (2)

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150